NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 14 JULIE 2024

AGSTE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Die Jeug van die kerk

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Markus 6:30-34, 53-56; 2 Samuel 7:1-14a; Psalm 89:20-37; Efesiërs 2:11-22

SONDAG, 14 JULIE	
09:00	Oggenddiens Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Jeugwerk Erediensspan 2 – Elsa Welman
•	**Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens
•	**Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens
MAANDAG, 15 JULIE	
18:00	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 16 JULIE	
09:30	Senior Burger Bybelstudie
18:00	Mannebybelstudie in Moederskamer
WOENSDAG, 17 JULIE	
09:30	Vroue Bybelstudie
DONDERDAG, 18 JULIE	
09:30	Dienssentrum vir Seniors: Moedergemeente kerksaal
Sopbeurte:	Othello: Bertha de Kock, Riana Maritz, Lynette vd Westhuizen, Alet Wassüng, Rita Neveling, Isobel Dames, Hannelie du Plessis

VRYDAG, 19 JULIE
09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer
SATERDAG, 20 JULIE
SONDAG, 21 JULIE
NEGENDE SONDAG VAN KONINKRYKSTYD 09:00 Oggenddiens JEUGDIENS Kleuterkerk en Kinderkerk Deuroffer ten bate van: Paarl-skool Erediensspan 3 – Neels Kruger • **Senior Kategese** na afloop van die oggenddiens • **Gemeentetee** na afloop van die oggenddiens

GEMEENTENUUS

1. Die volgende lidmaatskappe is ontvang:
   Wesley du Plessis vanaf Kuilsrivier
   Elzaan du Plessis vanaf Kleinmond
   Lourens, Anli en Rikus du Plessis vanaf Franschhoek
2. Carien Pentz (Othello) het ‘n operasie ondergaan.
3. Retha Smit (Klaradyn) is oorlede. Haar roudiens is Dinsdag om 11:00 in ons kerk.
4. Hannelie van Zyl se roudiens is Woensdag om 15:00 in ons kerk.
5. Peru Viljoen (Zevenwacht) is in die hospitaal.
6. Bertha de Kock (Othello) se dogter, Hannelie, ondergaan Maandag ‘n operasie. Sy vra ons voorbidding vir haar.
7. Christelle Hurter se operasie het goed afgeloop. Sy sterk aan by haar ouers se tuiste.

VERSOEK I.V.M. GEMEENTENUUS

Indien jy bewus is van gemeentelede wat siek is, of gehospitaliseer is of eersdaags hospitaal toe gaan, of geliefdes aan die dood afgestaan het, stel asseblief die kerkkantoor in kennis. Hulle sal op hul beurt die betrokke leraar kontak.

Kontak kerkkantoor by 021 903 3818 of info@ngkeike.co.za of ngkeike@cybersmart.co.za

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

14/07 Elena Visser, Helen Fourie, Riana Maritz(80), Neels Kruger, Careen Pentz(82), Zelda Fisher, Ronel Thiart
15/07 Francois Fourie, Marieta Oosthuizen(81), Dirk Brits, Misha Nell, Marco Orlandini, André van Wyk
16/07 Lauranda Groenewald, Elize van As, Pieter Bestbier, Isabel Pfaff, Lo-aan Basson, Gideon van der Westhuysen(81), Petrus Verster
17/07 Riana van der Merwe, Bokka Bester(85), Krinie van der Vyver(83), Calie van der Wath(85)
18/07 Eduard Visser, Megan Burnette, Janu Joubert, Laza Smith, Rossouw Nel, Wian Venter
19/07 Willem Botes, Jannie Nieuwoudt, **Elmarie Scholtz**, Charles Wolfaardt(81)
20/07 René Ferreira, Hester Solms

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Jeugwerk

Jeug- en Familiebediening fokus op die ondersteuning, toerusting en navorsing van jeugwerk wat deur gemeentes gedoen word. Dit sluit onder andere die volgende in: kategese ondersteuning, familiebediening hulpmiddels, #imagine feesnaweek, navorsing oor jong volwasse bediening en kinderbediening ondersteuning. Jeug en Familiebediening het ook twee gratis toeps ontwikkel: “onsglo” en “dinkjeug families” wat geloofsgesprekke onderskeidelik in groepe en in gesinne wil ondersteun.

Me Maryke Fourie | 021 808 9050
jeug@sun.ac.za www.dinkjeug.co.za | www.kixkinders.co.za
DinkJeug op YouTube | www.onsglo.co.za

POTJIEKOS KOMPETISIE EN ETE

Vanweë die weer en reën, was ons genoodsaak om die potjiekos kompetisie en ete uit te stel na Saterdag 7 September. Die Springbokke speel dan teen die All Blacks, so ons gaan steeds saamkuier in die kerksaal en die rugby op die groot skerm kyk.

Kaartjies wat vir 13 Julie gekoop is, sal steeds geldig wees op 7 September. Indien jy nie 7 September se geleentheid kan bywoon nie, is jy welkom om die kaartjies terug te bring en jou geld terug te ontvang. Kontak die kerkkantoor.

SENIOR KATEGESE

Ons Senior Kategese verkoop swart vullissakke vir fondsinsameling ten bate van Jeug projekte.

Elke huishouding gebruik swart vullissakke en ons kwaliteit is baie goed. Dis sterker (40mic) teenoor die winkel (18-20mic) se sakke.

20sakke @ R50 10sakke @ R25

Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

GEBRAAIDE SNOEK ETES TE KOOP

Kuilsrivier-Suid en VGK Sarepta hou gesamentlik ‘n SNOEKBRAAI op Saterdag 27 Julie 2024 by Suidgemeente.

Kaartjies hiervoor is teen R100 beskikbaar by hulle aanlynwinkel op www.suidkerk.org.za of by hul koffiewinkel, Cup of Life. Ete sluit in ‘n groot porsie snoek, patat en roosterkoek en kan vanaf 13:00 by Cup of Life afgehaal word.

VAKANTE POSTE

Die volgende vakante poste is tans in die kerk beskikbaar. Sien die kennisgewingbord in die voorportaal vir meer inligting of kontak die kerkkantoor.

1. NGK Kuilsrivier (Moedergemeente) – skriba. Sluitingsdatum vir aansoeke Julie 2024.
2. Sinode van Wes-Kaapland – Bestuurder Argief. Stellenbosch kantoor – sluitingsdatum 12 Augustus 2024.

DE EIKE VROUESONDAG

De Eike vier vanjaar **Vrouesondag** op 18 Augustus. Die prediker by die geleentheid gaan ds. Janine Williams wees, ou bekende op ons kansel.

Die jaarlikse **Vrouedankofferinsameling** vind ook op daardie dag plaas. Die koevertjies word vanoggend by die deure uitgedeel of is ook by die kerkkantoor beskikbaar.

AAND VAN “WORSHIP”

Kuilsrivier-Suid bied vanaand om 18:30 ‘**n Aand van “worship”** aan met getuienis en lofprysing. Almal is welkom.

KINDERKERK KONSERT

30 AUGUSTUS 2024

Welkom De Eike!
Ons hou partytjie.
Trek aan jul dansskoene
De Eike is nommer een
Ons gaan nou feesvier
Ons klap ons hande
Ons dank ons Vader, want
Die Kinderkerk is TIEN!!!

KNOOP DIE DATUM VAS, 30 AUGUSTUS. KAARTJIES IS BINNEKORT BESKIKBAAR TEEN R100 VOLWASSENES, R50 KINDERS, GEBAKTE POEDING EN VLA INGESLUIT.

BRING JOU EIE KOS, EN VERBEEL JOU JY IS BY DIE BARNYARD!

GRATIS BYBELS BESKIKBAAR

Tydens Pinkster is die bedrag van R11 575 ingesamel ten bate van Bybelverspreiding.

Uit hierdie fondse is Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels aangekoop wat in die kerkkantoor beskikbaar is. Kom haal gerus 'n Bybel vir iemand wat jy weet nie 'n Bybel in sy/haar eie taal het nie, bv jou huishulp, tuinier, die karwag, petroljoggie, ens.

Die res van die fondse is geskenk aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Gideons.

NUUS VANUIT DIE PRE-ADVIES KOMMISSIE

Die beroepingsproses verloop vlot. Referente word tans gekontak. 'n Voorlopige kortlys is saamgestel. Ons sal binnekort vir julle meer inligting deurgee. Ons vra vir julle voorbidding.

VROUE WAT GLO *RETREAT*

Saterdag 17 Augustus 2024 by NG Kerk Vredelust, Bellville
Tema: #VrolikEnBly
Sprekers sluit in Wanda Bam, Benescke Janse van Rensburg en Karien Basson.

Om kaartjies te koop of vir meer inligting, besoek die webwerf
www.voelgoed.co.za/vroue-wat-glo

PREEKSKETS

TEMA: DIE LAM HOU DIE TOEKOMS IN SY HAND

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Openbaring 4 & 5

Hoe is dit moontlik dat God Koning is, en ons sien so min daarvan?

- Moet ons aflei dat God nie regtig in beheer is nie?
- Wat sê Johannes vir hulle?
- Hy skrywe vir hulle hierdie ”skatkamer van die Bybel”.

1. **Openbaring 4: Die heerlike teenwoordigheid van God.**
   - Wat jou opval, is Johannes se sprakelose verwondering.
   - Tussen al die detail moet jy nie die 24 ouderlinge mis nie...
   - Hulle verteenwoordig die Kerk van die Here. En hulle dra krone!
   - Eintlik is die hele skepping daar, en hulle dien en eer die Skepper.

2. **Die Boekrol**.
   - En dan breek die dramatiese oomblik aan, en ons sien die boekrol.
   - Dis die totale plan van God met sy skepping. Maar dis verseël.
   - Lyk dit soms vir jou asof God se plan nie gaan uitkom nie...?
   - Een van die ouderlinge kom troos vir Johannes.

3. **Johannes sien die Lam.**
   - En dan sien die Lam. Hy het die prys betaal en Hy het oorwin.
   - Aan Hom behoort al die mag. Hy is geen slagoffer nie. Hy is Oorwinnaar!
   - Hy laat God se plan in vervulling gaan! Daarom bars die loflied uit.
   - ‘n Massakoor wat ons insluit, want die Lam het oorwin!